

Lewensbelangrike feite vir elke gelowige kind van Abba Vader. 'n MOET LEES!!!!!!

'N WAARSKUWING VAN DR MK STRYDOM - DEEL 1

EAGLES WINGS 25/02/2021

DIE BYBEL VANUIT 'N MEDIESE PERSPEKTIEF; MEDISYNE VANUIT 'N BYBELSE PERSPEKTIEF

"Dr Michelle Strydom (MB ChB) is opgelei en het haar bekwaam as mediese dokter in Suid-Afrika. Haar begeerte is om medisyne tot eer van God te beoefen en 'n nalatenskap van Sy liefde agter te laat. Sy het die boek "The Bible From A Medical Perspective; Medicine From A Biblical Perspective" geskryf en die grondslag van siektes ontdek deur insig te gee in die geestelike, sielkundige en fisiese meganismes wat swak gesondheid veroorsaak. Haar lering toon aan hoe die nuutste mediese navorsing die Bybelse beginsels van gesondheid en siektes bevestig, en onthul hoe die terugkeer, in lyn met sy Woord deur berou en heiligmaking, ons help om siektes te oorkom, te genees en gesond te word."

Ek, Dr MK Strydom, wil graag 'n dringende waarskuwing uitstuur aan die liggaam van Christus en almal wat ore het om te hoor en wat bereid is om te luister: Ons is nou in 'n tyd wat die Bybel voorspel het waar groot misleiding die aarde sal bedek en waar moontlik - selfs die uitverkorenes mislei sal word. Dit is my hoop dat hierdie boodskap u sal help en u sal toerus om in wysheid en met onderskeidingsvermoë te wandel - want elke persoon op hierdie planeet moet self 'n besluit maak of hy die entstof, wat uitgerol word onder voorwendsel van wat beskryf word as die coronavirus pandemie, moet ontvang al dan nie. In hierdie boodskap deel ek:

- 1) Hoe die COVID-entstowwe nie die immuunstelsel stimuleer of versterk soos wat baie mense dink nie, maar veroorsaak 'n selfskeppende outo-immuun siekte, soortgelyk aan MIV / vigs.
- 2) Ek verduidelik baie van die ander inhoud en gevorderde mediese tegnologieë wat hierdie entstowwe bevat, en die nagevolge en effekte wat dit op ons gees, siel en liggaam het.
- 3) Waarom die Nasale-PCR-toetse 'n ander vorm van inenting is.
- 4) Geestelike aanmoediging en strategieë om die toekoms die hoof te bied, insluitend Abba Vader se bonatuurlike voorsiening en beskerming.
- 5) Die belangrikste in die hele boodskap - mis nie die einde waar ek riglyne deel vir diegene wat genesing sal benodig van die nadelige gevolge van entstowwe op ons gees, siel, liggaam en DNA, ook hoe om die geestelike en fisiese effekte te hanteer van entstowwe uit die verlede, en om u te help om u hart voor te berei om vas te staan onder druk gedurende die komende tyd. WAAROM EN HOE DIE COVID 19-MRNA-ENTSTOWWE 'N 'MEDIESE TROJAAANSE PERD' IS WAT DIE IMMUNSTELSEL EN LIGGAAM AFFEKTEER OP 'N MANIER WAT SOORTGELYK IS AAN VIGS - EN WAAROM HULLE EINTLIK GLADNIE ENTSTOWWE IS NIE

Die mediese beginsel waarop 'n entstof veronderstel is om te werk, is dat die verswakte weergawe van die virus in die liggaam van 'n persoon ingespuet word - die vreemde molekules, 'antigene' genoem, op die virus selwand, stimuleer dan die immuunstelsel om teenliggaampies teen die virus te produseer, sodat, sou u in die toekoms aan die virus blootgestel word, u immuunstelsel reeds gereed is om dit te beveg, met behulp van die voorafgevormde teenliggaampies. Dit is wat die meeste dokters en gesondheidswerkers gelei word om te glo oor hoe 'n entstof werk. Maar, in hierdie boodskap sal ek u egter wys hoe - hierdie COVID-entstowwe in werklikheid soos 'n "Trojaanse perd" is, wat die immuunstelsel nie stimuleer of verbeter nie, soos wat God die

immuunstelsel geskep het om te funksioneer. –So baie glo dat hierdie entstowwe eintlik die teendeel doen. - Die COVID-entstof is mRNA verpak in 'n vetomhulsel wat as mediese hulpmiddel en sellulêre modifikasie tegnologie aan 'n sel gelewer word - wat dan 'n self-skeppende outo-immuun siekte veroorsaak soortgelyk aan MIV/vigs. Die eindresultaat hiervan is dat u liggaam in 'n chroniese hiper inflammatoriese toestand geplaas word, sodat wanneer u die volgende keer blootgestel word aan enige algemene corona-virus vanuit die omgewing, dit 'n dodelike reaksie sal opwek in u liggaam. As dit wat ek nou gesê het, baie ingewikkeld klink en oor u kop gegaan het, moenie bekommerd wees nie. Ek sal my bes doen om die detail van hoe dit werk, in eenvoudig as moontlike taal te verduidelik:

Wanneer die Coronavirus-entstof ingespuut word, bevat dit mRNA 'instruksies' wat iets in u liggaamselle in werking stel, wat omgekeerde transkriptase-ensieme genoem word. Hierdie ensieme kry opdrag van die mRNA om 'n piek (S) proteïen te massa-produseer wat geïdentifiseer is op die oppervlak van die SARS-CoV2-virus. Daar word afgelei dat hierdie piek-proteïen 'n rol speel in die vermoë van die virus om die liggaam te besmet.

Soos wat die liggaamselle massa-hoeveelhede van hierdie piek-proteïen in die liggaam vrystel, reageer die immuunstelsel hierop deur teenliggaampies te produseer, genaamd "Anti-spike IgG-teenliggaampies" (anti-S-IgG). Ek gaan verduidelik hoe die entstof-geïnduseerde produksie van hierdie piek-proteïen teenliggaampies deur die entstof nie die immuunstelsel versterk nie; maar dit kragtig beskadig en verswak - en hoe die nou disfunksionele immuunstelsel dan voortgaan om lewensgevaarlike patologiese fisiese reaksies, sowel as skade aan die liggaamsweefsel, te veroorsaak. Die hoë vlakke van anti-piek IgG-teenliggaampies verminder aanvanklik 'n hoeveelheid van die virus in die boonste lugweë, maar op die langtermyn veroorsaak dit ernstige teenliggaampie geïnduseerde letsels in die longe. Hoe hoër die vlakke van die teenliggaampies is, hoe groter sal die skade aan die longe wees. Hier is hoe dit werk:

Daar is 'n spesiale soort witbloedsel wat deel uitmaak van u immuunstelsel, genoem makrofages. Hulle werk is om patogene (bakterieë, virusse, ens.) en vreemde proteïene te verswelg, te verteer en uit te skakel, deur 'n proses wat fagositose genoem word. Hulle is baie soos "Pacman" in daardie rekenaarspeletjie waar hulle enige kieme opslurp wat in u liggaam is.

Daar is twee hoofsoorte makrofages, genaamd M1 en M2. Die M1-selle dood patogene deur 'n inflammatoriese reaksie in die liggaam te stimuleer. Dit behels die stimulerings van die immuunstelsel om chemikalieë te produseer wat sitokiene genoem word, wat inflammasie veroorsaak.

Daarna skop die M2-selle in - hulle het 'n anti-inflammatoriese funksie en reguleer wondgenesing. Met ander woorde, die M1-selle skakel inflammasie in die liggaam aan om die bakterieë of virus dood te maak wat die liggaam binnegedring het, dan skakel die M2-selle die inflammasie af - en help die liggaamsweefsel om te genees en te herstel.

- M1 skakel inflammasie aan - dit is die "aan-knoppie".
- M2 skakel inflammasie af - dit is die "af-knoppie".

Die probleem met die vorming van hoë vlakke van teenliggaampies teen die SARS-CoV piek-proteïen, wat die liggaam deur die mRNA-entstof tot massaproduksie gestimuleer het, - is dat die Anti-spike IgG-teenliggaampies die M2-selle neutraliseer en die M1-selle stimuleer tot in hoogste rat. Wanneer dit dus gaan oor inflammasie in die liggaam, word die "aan-knoppie" gedurig gedruk, terwyl daar geen "af-knoppie" is nie.

Die anti-piek IgG-teenliggaampies bind aan die oppervlak van M2-makrofages, wat hulle onaktief maak en sodoende hul funksie verswak, terwyl die M1-makrofages toegelaat word om onbeperkte hoeveelhede sitokiene vry te stel, wat die chemikalieë is wat inflammasie veroorsaak. In plaas daarvan om die besmette longweefsel te genees en te herstel, smoor die anti-S-IgG teenliggaampies die M2-selle en bevorder dit M1-veroorsaakte inflammasie. Nou is die liggaam in 'n pro-inflammatoriese of hiper-inflammatoriese toestand, terwyl die M1-makrofages wat die inflammatoriese reaksie stimuleer in die longe ophoop. Die resultaat is 'n ramp.

Daar is baie verskillende soorte corona virusse wat al vir dekades in die omgewing bestaan - die griepvirus is een voorbeeld. Die volgende keer wat u weer blootgestel word aan enige algemene corona-virus, of as u longe weer met 'n corona-virus besmet word - omdat u liggaam reeds deur die entstof in 'n hiper-inflammatoriese toestand verkeer - lei dit tot 'n sitokien-storm waar daar oormatige vrystelling van sitokiene in die liggaam is wat gestimuleer word deur die ooraktiewe M1-makrofages. Dit lei tot ernstige inflammasie wat die weefsel in die longe ernstig beseer (dit word akute longbesering of ALI genoem). Jou longe bestaan uit klein lugsakkies genaamd alveoli (soek 'n prentjie op Google Images op). Alveoli lyk soos 'n tros druie. Suurstof uit die lug wat ons inasem, deurkruis die alveoli-membrane en gaan die bloedstroom binne.

Wanneer die longweefsel beseer word deur die ernstige inflammasie, lei dit tot, wat genoem word, diffuse (verstrooide) alveolêre skade (DAD in Engels), met verskillende grade van eksudaat (etteragtige vloeistof) en bloeding in die longe. Dit is waarom die persoon dan sukkel om genoeg suurstof in sy liggaam te kry. Omdat die M2-makrofages gedeaktiveer en verswak is deur die anti-piek IgG-teenliggaampies, kan die liggaam nie die beskadigde longweefsel genees en herstel nie - en kan dit nie die inflammasie stop nie - wat aanhou om skade te veroorsaak.

Dit sal 'n baie goeie belegging van u tyd wees om na die studie van Liu, Li et al in 2019 te kyk: "Anti-piek IgG-teenliggaampies veroorsaak ernstige akute longbesering deur makrofage reaksies tersyde te stel tydens akute SARS-CoV-infeksie".

Hierdie studie van 2019, sowel as baie ander van so vroeg as 2002, het die volgende bevindings getoon:

Bewyse van 'n nadelige rol wat die entstof geïnduseerde anti-piek proteïene teenliggaam (anti-S-IgG) op die immuunstelsel gehad het, wat ernstige akute longbesering tydens 'n SARS-CoV-infeksie tot gevolg gehad het.

Die anti-S-IgG-teenliggaam kon nie SARS-CoV infeksie in die laer lugweë voorkom nie (longontsteking) en het (verhoogde) M1 makrofage infiltrasie en akkumulasie in die longe versterk.

Diere wat aan SARS-CoV-infeksie gesterf het, het 'n opeenhoping van pro-inflammatoriese M1-makrofages gehad en 'n afwesigheid van wondgenesende M2-makrofages in hul longe.

Die meeste van die diere in die kontrolegroep, wat nie 'n entstof ontvang het wat die produksie van anti-piek teenliggaampies veroorsaak het nie, het slegs geringe tot matige longontsteking getoon.

Sonder die teenwoordigheid van anti-S-IgG teenliggaampies, het M2 makrofages die longe binne twee dae na infeksie begin genees.

Die getuieis uit hierdie veelvuldige studies wat terug tot by 2002 dateer en wat dokumenteer hoe skadelik die COVID-entstof gaan wees, sodra 'n persoon ingeënt word en dan weer blootgestel word aan corona-virusse, is geïgnoreer!

Tot dusvêr het ek verduidelik hoe die teenliggaampies, wat deur die mRNA COVID-entstowwe gegenereer word, die immuunstelsel beskadig, wat gevolglik lei tot hiper-inflamasie in die liggaam en skade aan die longe, wat die liggaam nie in staat is om te herstel nie, waardeur 'n daaropvolgende coronavirus blootstelling en herinfeksie nog dodeliker word. Maar dit is nie die enigste probleem wat deur die COVID-19-entstowwe veroorsaak word nie - dit verhoog eintlik die vermoë van 'n coronavirus om u liggaam in die toekoms te besmet! Dit beteken dat meer mense siek sal word - en natuurlik sal dit geblameer word op die coronavirus-variante - en sal gebruik word as 'n rede om die behoefte aan meer entstof-dosisse, boosters ens. te propageer.

Die meeste algemene respiratoriese virusse veroorsaak infeksie deur aan spesifieke reseptore aan die oppervlak van 'n liggaamsel te bind. Wanneer die immuunstelsel normaal funksioneer, soos wat God dit ontwerp het, bespeur dit die vreemde proteïene (antigene) aan die selwand van die virus wat deur die liggaam sirkuleer - en produseer teenliggaampies wat aan die virus bind, wat dit neutraliseer deur te voorkom dat dit aan die liggaamselle kan heg. Dit stop, of verswak ten minste, die vordering na 'n volwaardige infeksie.

Die anti-piek proteïen teenliggaampies wat egter in die liggaam geproduseer word, as gevolg van die COVID 19-entstowwe, bind egter net lossies aan die virus. In plaas daarvan om 'n infeksie te stop, bevorder hierdie meganisme die binnedringing in die sel in, wat die infeksie verhoog, in plaas daarvan om dit te stop.* Dit maak ons dus sensitief vir die virus, dit beskerm ons nie daarteen nie! (*Daarom het ek na hierdie entstowwe verwys as 'n 'mediese Trojaanse perd'. Dit is hoe dit werk:)

In 'n normaal funksionerende immuunstelsel – het 'n geneutraliseerde teenliggaam die vorm van 'n Y. Die bo-arms word die Fab-fragmente genoem en die stam word die Fc-fragment genoem. Die Fab-fragmente bind aan 'n indringende patoögen vas soos 'n tang wat na 'n bal sal gryp om dit vas te hou. Nadat die kiem gevang is deur die Fab fragment arms van die teenliggaampie, bind die Fc fragment stam van die teenliggaampie dan aan 'n Fc-reseptor, aan die oppervlak van die witbloedselle in die immuunstelsel, soos makrofages, limfositete, natuurlike moordselle (NK) en ander. Normaalweg dui dit aan dat die witbloedselle klein hoeveelhede inflammatoriese chemikalieë sal vrystel om die patoögen wat die teenliggaam ingebring het, te vernietig.

Wanneer die anti-piek proteïen teenliggaam (anti-S-IgG) egter inskakel met die Fc-reseptor op die oppervlak van die membraan van 'n liggaamsel, gaan die "deur" oop in hierdie Trojaanse perd mediese verskynsel - en laat die hele kompleks (virus en anti-piek proteïen teenliggaampies) toe om die liggaamselle binne te gaan.

Aangesien die Fab-fragmente van die teenliggaampie die patogene proteïen slegs swak aan die wand van die virus vashou, "ontsnap" die los gebonde proteïenmateriaal van die entpunte van die Fab-fragmente af wanneer dit die liggaamsel binnedring, en kaap die omgekeerde transkriptase-ensiemstelsel - en veroorsaak dat dit die DNA van die virus repliseer - om meer virusse te produseer! Dit vererger dus die infeksie in stede daarvan om dit te stop. Dit bring my by die plek waar ek wil beklemtoon dat hierdie Trojaanse perd COVID 19-entstowwe NIE ENTSTOWWE IS NIE! Dit is 'n MEDIESE TOESTEL wat in die grootte van 'n molekulêre pakket kom, wat ontwerp is om die menslike sel te stimuleer om 'n PATOÖGEN SKEPPER te word! *

'n Dokter D. Martin het dit op 'n gepaste wyse saamgevat in 'n aanhaling: "Die term 'entstof' word gebruik om hierdie sellulêre aanpassings-tegnologieë te laat insluip onder vrystellings vir openbare gesondheid. Dit is nie 'n entstof nie. Inentings is 'n wetlik omskrewe term onder die publieke gesondheidswette en CDC (Sentrum vir Siektebeheer en -voorkoming) en FDA (Federale Medisyne-Administrasie) se gesondheid standaarde.

'n Entstof moet spesifiek 'n immuniteit stimuleer binne die persoon wat dit ontvang, en dit moet ook die oordrag daarvan ontwig. En dit is nie wat hierdie COVID-entstowwe is nie. Die gebruik van die term inenting is verkeerd vanuit die wetlike definisie daarvan. Onthou dat Moderna begin was as 'n chemoterapeutiese maatskappy vir kanker - nie 'n entstofvervaardiger vir SARS nie.

As ons sou sê dat ons profilaktiese chemoterapie aan mense sou gee vir kanker wat hulle nie het nie, sal u uit die kamer uitgelag word, want dit is 'n dwase idee. Dit is presies wat dit is - . Laat ons eerlik wees en dit noem wat dit is nie 'n entstof nie - dit is 'n meganiese toestel wat kom in die vorm van 'n baie klein pakkie tegnologie wat in die menslike sisteem geplaas word ten einde die sel te aktiveer om 'n patogeen vervaardigingsaanleg te word. Dit is 'n chemiese apparaat wat ontwerp is om 'n patogeen produksie-aksie in 'n sel los te laat. Dit is 'n mediese toestel, nie 'n dwelm nie, want dit voldoen aan die CFR-definisie van 'n toestel. (C.F.R staan vir Code of Federal Regulations)

Ernstige beskadiging van die longe is nie net die enigste hoogs vernietigende effek van die entstof geïnduseerde-anti-piek-proteïen-teenliggaampies nie, vervaardig vanaf die COVID-entstowwe op die liggaam. Hierdie teenliggaampies bevat ook “syncytin” homoloë proteïene wat in soogdiere en mense noodsaaklik is vir die vorming van die plasenta. Die immuunreaksie wat deur die entstowwe teen die syncytin-1-proteïene geaktiveer word, het ook die potensiaal om onvrugbaarheid van 'n onbepaalde tyd te veroorsaak en om tot 60 - 70% van die vroue te steriliseer.

Die mRNA-entstowwe van BioNTech / Pfizer bevat poliëtileenglikol. 70% van mense ontwikkel teenliggaampies teen hierdie substans - dit beteken dat baie mense noodlottige allergiese reaksies op die inenting (genoem anafilakse) kan ontwikkel - wat inderdaad reeds gebeur!

Anafilakse is 'n lewensbedreigende allergiese reaksie wat in die menslike liggaam voorkom as gevolg van die inflammatoriese reaksie wat die liggaam in hoogste rat laat ingaan. 'n Persoon is ook meer geneig om 'n anafilaktiese reaksie te ontwikkel wanneer hulle reeds ander onderliggende chroniese siektes het, wat chroniese inflammasie in die liggaam insluit, soos allergieë, hooikoors, asma, ens.

As u vroeëre inentings gehad het, kan u meer geneig wees om 'n hiper inflammatoriese reaksie te ervaar. Daarom ervaar mense wat voorheen griep-entstowwe met dieselfde toksiese byvoegmiddels geneem het, erger nadelige reaksies op die COVID-entstowwe, as diegene wat geen griepinspuitings gehad het nie.

Mense wat vorige dosisse COVID-inentings gehad het, sal baie sensitiewer wees as iemand wat hul eerste dosis ontvang. 'n Persoon sal ook meer vatbaar wees vir die ontwikkeling van 'n anafilaktiese reaksie, indien die 2de dosis van die COVID-entstof meer as 3 weke na die eerste dosis toegedien word. Met ander woorde, - 3 weke is die inkubasietydperk vir anafilakse hipersensitiwiteit. Die beteken hoe langer die periode is wat die tweede dosis na die eerste dosis gegee word - hoe meer mense sal daar wees wat ernstig en/of dodelik geraak sal word deur die COVID-entstowwe - en waarom ons nog miljoene mense sal sien wat lewensgevaarlike anafilaktiese reaksies na die 2de dosis sal ly.

Ek het nou breedvoerig beskryf hoe die mRNA COVID-entstowwe die immuunstelsel beskadig en dit is 'n sellulêre modifikasie-tegnologie wat 'n self-skeppende outo-immuun siekte veroorsaak soos MIV / VIGS. Die anafilakse en ander outo-immuun reaksies en siektes wat as gevolg hiervan ontwikkel, kan binne ure, dae of weke ontwikkel ... maar by ander individue kan dit ongeveer 4 tot 14 maande neem om te ontwikkel. Sodra 'n persoon egter geanafilaktiseer is en gevolglik in sy chemiese samestelling gemodifiseer is, kan die toestand van hiper-inflammasie onbepaald in hul liggaam bly. In sommige navorsing is dit bekend dat proefpersone selfs vier jaar na die eerste seruminspuiting sensitief was vir die ontketening van hierdie anafilaktiese reaksie. Dit is 'n

buitengewone verskynsel dat so 'n onbeduidende klein hoeveelheid gif in die entstof, die liggaam kan verander tot 'n mate wat dit in die daaropvolgende dae en jare geaffekteer is. Dit toon aan dat dit heeltemal onsin is wanneer dokters sê dat die spoor-hoeveelhede kwik, fetale stamselle en ander toksiese stowwe in die inentings, - verlede en hede, - so klein is dat dit onbeduidend is.*

(*Verwysing: dr Sherri Tenpenny, DO, AOBMM, ABIHM - 'n dokter met baie jare ondervinding en navorsing op entstowwe. Vind meer inligting op haar webwerf by: www.Vaxxter.com)

Nadat 1 miljoen dosisse op 21 Januarie in Amerika afgelewer is, binne minder as 'n maand - het die data van die Departement van Gesondheid en Menslike Dienste (HHS) getoon dat daar 40 433 ongunstige voorvalle gerapporteer is, weens die Covid19-inentings in die VSA. Daar word ook geraam dat slegs 1% van die nuwe-reaksies eintlik gerapporteer word - duisende word nie gerapporteer nie ... en met verloop van tyd sal die aantal mense wat wêreldwyd nadelig geraak gaan word, hoogs waarskynlik eksponensieel met miljoene sal vermeerder. Dit is nie net as gevolg van die hiper-inflammatoriese toestand wat in die liggaam ontstaan nie, wat mense blootstel aan noodlottige beskadiging in die longe, verhoogde vatbaarheid vir toekomstige virale infeksies en die lewensbedreigende anafilaktiese reaksies wat tot dusvêr genoem is nie - maar laat ons die gevolge van die ander inhoud en tegnologie in hierdie entstowwe beskou:

SWAAR METALE EN ANDER GIFTIGE STOWWE

Eerstens om 'n paar punte oor entstowwe uit die verlede te noem:

Hulle bevat swaar metale - soos byvoorbeeld kwik en aluminium en ander stowwe wat baie giftig is vir die menslike liggaam en wat geen aanspraak op die menslike liggaam het nie, omdat die liggaam nooit ontwerp was om hierdie giftige stowwe te hanteer nie. Dit word byvoorbeeld gekoppel aan breinskade en outisme by kinders - plus 'n magdom skade aan die immuunstelsel en liggaam. Ons kinders is sieker as die van vorige geslagte. Voor die instelling van entstowwe was outisme 'n seldsame siekte - maar dit sal mettertyd geleidelik en vinnig styg tot by die punt dat daar teen 2030 1 uit 2 kinders met outisme sal wees! In die voubiljet van die komende covid-entstowwe lys meer as 72 gifstowwe/giftige stowwe, vreemde antigene, vreemde ensieme, vreemde bloedselle en virusse wat in u liggaam ingespuut word, wat nie in u liggaam moet wees nie! En dit is slegs wat bekend is - maak nie saak wat nie bekend is deur die meeste gesondheidsspesialiste of die algemene publiek nie. Die waarheid is dat die meeste dokters in konvensionele hoofstroom geneeskunde nie die inhoud van hierdie entstowwe volledig ken nie, of dat hulle 'n diepgaande kennis en begrip het van presies wat die inhoud van hierdie entstowwe in die liggaam doen.

FETALE SELLYNE EN OKKULTIESE BLOEDVERBONDE

Inentings bevat fetale (van fetusse afkomstig) sellyne - met ander woorde selle vanuit die liggaamsweefsel van geaborteerde babas. As dit te vêrgesog klink, kyk na die bestanddele op die etikette van baie bekende verwerkte voedsel en drankies, wat byvoorbeeld 'n toevoeging bevat, genaamd HEK293, wat gebruik word om die verkope te bevorder deur die smaak van die voedsel te verbeter en in baie gevalle is dit verslawend. HEK293 staan 'Human Embryonic Kidney Cells' ('Menslike embrioniese nierselle') wat geneem is uit die nierweefsel van 'n gesonde menslike fetus wat geaborteer is. Die HEK293-sel is slegs een voorbeeld van baie wat deur 'n genetiese modifikasie verewig is, om wat genoem word, sellyne te produseer. Hierdie sellyne kan baie chroniese- en lewensbedreigende siektes in die liggaam veroorsaak, soos outo-immuun siektes, siektes wat chroniese inflammasie en pyn insluit, en kanker, om maar enkele voorbeelde te noem. Kanker is waar selle onbeheerbaar verdeel om 'n massa van weefsel te vorm wat bekend staan as 'n gewas -

omdat die DNA wat selverdeling beheer, beskadig is, of in die geval van hierdie sellyne - wetenskaplik aangepas is.

Afgesien van die skade wat dit die liggaam aanrig, het dit vanuit 'n geestelike perspektief te make met 'n bloedverbond. In die Bybel, elke keer wanneer 'n belangrike verbond gesluit is, is bloed vergiet - byvoorbeeld die verbond wat God met Abraham gesluit het, wat die offer van 'n lam behels het. Ons sien dit ook met die huweliksverbond in 'n Bybelse konteks: Wanneer die vrou 'n maagd is en die man en die vrou vir die eerste keer gemeenskap het op hul troudag, word die maagdevlies gebreek en bloed word gestort, wat die verbond verseël - nie net vanuit 'n fisiese perspektief nie, maar ook geestelik. Ons liefdesverhouding met Abba Vader deur sy Seun Jesus is ook gebaseer op 'n bloedverbond, dit wil sê die Bloed wat Jesus aan die kruis gestort het vir die vergewing van ons sondes en vir ons verlossing en herstel.

Vir alles wat God doen, het Satan 'n namaaksel (vervalsing). Ons het 'n verbond-liefdesverhouding met Abba Vader deur die Bloed van Jesus gebaseer op LIEFDE. Deur middel van verskillende metodes wil die vyand (Satan) 'n bloedverbond vorm wat gebaseer is op VREES met soveel mense as moontlik - wat hulle nie net fisies nie, maar ook geestelik bind. En daarom handel die riglyn-gebed van berou oor entstowwe in volgende boodskap oor die verbreking van okkultiese bloedverbonde.

DNA-WYSIGINGS

Die COVID 19-mRNA-entstowwe is nie soos enige ander entstowwe van die verlede nie, aangesien hulle, buiten die elemente wat hierbo genoem is, ook tegnologie het wat die DNA van die ontvanger verander - veel meer as wat DNA beïnvloed sou word deur enige virus wat al dekades lank bestaan, soos sommige dokters miskien sou redeneer. Deur middel van wat CRISPR-tegnologie genoem word, kan gene in geheel uitgevee word, of vervang word met sintetiese, of onderdruk word. Genesis 1 v 27 sê dat God die mens na sy beeld geskape het ... en al daardie inligting van SY skepping op fisiese vlak is in ons DNA gekodeer. Deur die veelvuldige dosisse, aanjaers (boosters) en verskillende inenting wat kom, sal mense se DNA geleidelik tot so 'n mate verander word - dat u hierdie persoon teoreties nie meer as mens kan beskou nie.

Uiteindelik is dit wat Satan wil bereik - om die beeld van God van die aarde af te verwyder. In Matteus 24 v 37 het Jesus gesê dat die eindtyd sou wees soos in die dae van Noag. Dit het baie parallele en betekenis, waarvan een die feit is, dat ten tye van die vloed, Noag en sy gesin die enigste geneties suiwer (of volkome mens) mense was wat op aarde oorgebly het. Op daardie stadium wou Satan die koms van Jesus voorkom deur die DNA van die hele menslike ras te verbaster en te verontreinig sodat daar geen genetiese suiwer bloedlyn oor sou wees waardeur die Seun van God gebore kon word nie.

In hoofstuk 6 van Genesis word uitgelê hoe gevalle engele onnatuurlike seksuele verenigings met vroue van die mens gehad het, om 'n hibriede menslike geslag te produseer (ook genoem Nephilim of gewelddadiges) wat deels menslike en deels demoniese DNA besit het. Voorbeelde hiervan wat ons in die Bybel sien, is die reuse met bonatuurlike menslike krag - soos die reus Goliath wat Dawid doodgemaak het en die reuse wat in Numeri 13 beskryf word, wat die Israeliete gesien het toe hulle die eerste keer in die Beloofde Land gekom het. In Genesis 6 v 5 - 7 staan daar dat die hele mensdom goddeloos en verdorwe was en net die vermoë gehad het om kwaad te bedink en te doen - 'n groot rede hiervoor vanuit 'n mediese of fisiese perspektief was omdat die mensdom so verdraai en verander is en geprogrammeer volgens die koninkryk van die duisternis, vanaf die vlak van hul DNA. Nou leef ons in 'n tyd waarin ons sien hoe die geskiedenis homself herhaal, net soos in die dae van Noag, soos Jesus in Matteus 24 v 37 gesê het:

Die agenda van die okkultiese transhumanistiese wetenskap agter hierdie vervaardigde pandemie en verhoogde paniek/media-onderskryfde massa-paranoia, veroorsaak deur hierdie bio-ingenieurswese-vervaardigde corona-virus en gewapende SARS/HIV/MERS-virus - word onthul deur een van die gene wat die virus en die reeks COVID-entstowwe spesifiek teiken: 'n Geen wat dikwels na verwys word as die 'God-geen'.

In die wetenskap hou die God-geen - ook genoem die vesikulêre-monoamien-vervoerder 2 (VMAT2), verband met die vermoë van iemand om geestelike waarhede of geestelike ervarings te soek en geestelik te groei. Die onderdrukking van hierdie geen bereik basies die uitblussing van enige geestelike strewe omhoog, waar dit die persoon se vermoë om geestelik met God te verbind, belemmer, naamlik om 'n intieme liefdesverhouding met Hom te hê - en dit belemmer hul sielontwikkeling permanent in terme van hul vermoë om hul verstand te vernuwe, d.w.s. dit maak die persoon geestelik dood en dit maak hul siel dood. Hierdie tegnologie is in die verlede gebruik - byvoorbeeld via "chemtrails" (chemiese bespuiting met vliegtuie) deur Amerikaanse militêre biowapen programme as 'n strategie om terroriste in die Midde-Ooste, wat volgens hul godsdienstige fanatisme optree, te neutraliseer. Dit het tussen 2012 en 2020 in Saoedi-Arabië en Suid-Korea gemanifesteer as die "Midde-Oosterse respiratoriese sindroom" (MERS).

Dit is egter voor die hand liggend om te sien waarheen die immunisering van mense teen die VMAT2 God-geen lei in die groter langtermyn prentjie van COVID 19: Die boek Openbaring profeteer dat daar 'n tyd sal kom wanneer daar 'n eenwêreld ekonomie en 'n eenwêreld regering sal wees, wat uiteindelik regeer sal word deur 'n eenwêreld diktator bekend as 'die Antichris' of die 'Seun van die verderf'. Teen die tyd wanneer hy die wêreldtoneel sal betree, sal die meeste mense in die wêreld reeds geprogrammeer wees om hom te aanbid - geestelik geprogrammeer, in hul siel geprogrammeer en in hul liggaam geprogrammeer reg vanaf die vlak van hul DNA. Inentings is slegs een van die verskillende maniere waarop dit bereik sal word.

Die vermoë van iemand om empatie en deernis te ervaar, kan ook geteiken word en op genetiese vlak verwyder word, sodat - om 'n voorbeeld te gee: Hulle betrokke kan wees by gruwelike misdade - soos die moord of seksuele misbruik/verkragting van 'n kind of 'n nabye familielid, sonder berou of gevoel of "gewete". Dit herinner my aan die Skrif wat die eindtyd beskryf waar ouers selfs hul kinders sal verrai en kinders hul ouers tot die dood toe sal verrai (Matteus 10 v 21). Miskien is hierdie DNA-wysigings aanleiding tot die goddeloosheid wat ons op die aarde sal sien, soos in die dae van Noag voor die sondvloed, waar die mensdom slegs die geneigdheid tot sonde oorgehad het.

Die mRNA-entstowwe kan 'n stukkie van u DNA uithaal en dit vervang met 'n sintetiese een - en hulle kan dit doen net waar hulle wil in u hele DNA-genoom (die volledige stel genetiese materiaal van 'n mens) - dus behalwe die voorbeelde van die aangetaste geen wat ek genoem het - wie weet wat anders hulle van jou gaan verander!

